

Publication: Burger, Die (Wes-Kaap) (Sport)
Publication Date: 29 Aug 2018
Page: 15

AVE: 43988.34
Circulation: 47400
Part: 1 of 1

# Oë rek oor hoë tellings in Varsity-netbalreeks

**Annchen Nel**

Die afrigters van die Varsity-netbalspanne slaak almal 'n sug van verligting dat die eerste naweek agter die rug is en die reeks afgeskop het.

'n Kenmerk van die eerste twee rondes in dié reeks is die hoë tellings wat behaal is.


Die Noordwes-Universiteit (NWU) se wentelling van 81-73 Maandagaand teen Tuks het veral die oë laat rek.

Die Maties, die Kovsies, die NWU en die Madibaz is onoorwonne, met die Stellenbossers wat boaan die puntelys is danksy 'n beter doelgemiddelde. Tuks, die verdedigende kampioen, sal sterk moet terugslaan nadat hulle twee nederlae gely het.

'n Jong Tuks-span het Sondag met 43-68 die knie gebuig teen die Bloemfonteiners. Maandagaand, met hul Jaguar-spelers terug, het hulle die onderspit gedelf teen die Potchefstromers.

Elsunet du Plessis, 'n voormalige Protea- en Fast5-speler, is die NWU se nuwe afrigter.

Sy sê dit is lekker dat die eerste naweek agter die rug is en dat jy nou weet waar jy staan.



Sigi Burger van die NWU.

Du Plessis was self verbaas oor haar span se hoë telling teen Tuks. "Selfs as jy die dubbelfoute (van die kragspel) wegvat, is dit steeds 'n hoë telling tussen twee sterk spanne," sê Du Plessis.

"My spelers het net kwart vir kwart hul geleenthede gebruik."

Twee betreklik maklike wedstryde lê die naweek voor vir die Potchefstroomse studente. Die afrigter sê sy sal die kragmetings met die Universiteit van Wes-Kaapland en die Vaal Universiteit vir Tegnologie gebruik om al haar spelers speelkans te gee.

" 'n Mens moet diepte bou, want die kompetisie is nog lank."

Dit is Du Plessis se eerste seisoen as hoofafrigter en sy erken sy was senuweeagtig.

Sy was al voorheen 'n hulpafrigter onder Dorette Badenhorst, die vorige NWU-breier, maar swaai nou die septer.

"Ek het as speler en kollega baie by Dot geleer, maar staan nou op my eie bene.

"Dit is 'n lekker aanpassing. Ek moet 'n band met die spelers begin bou," sê Du Plessis.

Dié hulpdoel sê sy het nog nie ophou speel nie.

Sy was verlede maand nog 'n spanmaat van sommige van haar spelers toe hulle as Dr. Kenneth Kaunda aan die SA toernooi deelgeneem het.

Du Plessis sê almal weet waar die grense lê.

"Ons het wedersydse respek vir mekaar. 'n Afrigter vergeet partykeer hoe dit voel om op die baan te wees. As jy self nog speel, weet jy wat die speler deurgaan en tot waar jy haar kan druk," sê Du Plessis, wat nege jaar vir die Pukke gespeel het.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.